**14 Augustus** **Skrifgedeelte: Psalm 139**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 1

## God is oneindig

Wat kan ’n mens in 250 woorde oor die oneindigheid van God sê? Nooit meer as wat die Heilige Gees in Psalm 139 sê nie. ’n Oneindige God bly nou eenmaal “te hoog vir ons begrip” (vers 6). Hoogstens kan ons subjektief, vanuit ons lewe, ’n perspektief, ’n uitsig na alle kante, op die oneindigheid van God probeer gee. Dit doen Dawid in Psalm 139 op geïnspireerde wyse. Die perspektief wat hy gee is dat God ons omring (“van alle kante omsluit”, vers 5)). Hy is in beheer –

in die ontwikkeling van gedagtes, woorde en dade binne-in ons (vers 1-6),

in die uitgestrekte wydtes van oos en wes, hoog en laag, lig en donker rondom ons (vers 7-12) en

van die geheime voorbegin van lewe tot die bestemde voltooiing daarvan (vers 13-18).

Sulke gedagtes oor God is troosryk en talryk (meer as wat daar sand is). Maar, hierdie gedagtes is nog altyd minder as God self (vers 18). Onthou steeds dit is God self wat oneindig is – nie my en jou gedagtes oor Hom nie. Besef dus, wat uiteindelik saak maak is nie my en jou perspektief op die oneindigheid nie, maar die oneindige God se perspektief op ons. Dis sý “dwarsdeur kyk” (vers 1), sý “deurgronding”(vers 23) waarin die groot troos lê. Verdiep dus die troos van hierdie Psalm in jou lewe deur ’n lewe van oorgawe aan die oneindige God. Kyk saam met God en jy sal sien, midde-in sy perspektief op jou staan ’n kruis wat getuig van ONEINDIGE liefde.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~